

kon daar met 'n groter mate van duidelikheid ten opsigte van munisipale aangeleenthede opgetree word. Op 6 Augustus 1858 is daar ook 'n „Regulatie voor de Dorpen in de Zuid Afrikaansche Republiek” in die *Staats Courant* gepubliseer.

Die onduidelike bepalings van die volksraadsbesluit van 16 November 1855 het nou egter moeilikheid veroorsaak. Die dorpsregulasies van 1858 het onder andere voorgeskryf dat daar op elke erf jaarliks 'n belasting van 4 riksdalders betaal moes word. Die erfeienaars in Pretoria het spoedig egter beswaar aangeteken teen die betaling van belasting op erwe wat hulle van M. W. Pretorius in sy private hoedanigheid aangekoop het.⁷⁾ Waarskynlik as gevolg van hierdie besware het die Volksraad op voorstel van Pretorius op 27 September 1860 soos volg besluit:—⁸⁾

- „1ste: Dat ZHEd. M. W. Pretorius, transport zal verleenen aan het Gouvernement der Z.A. Republiek der plaats Nooitgedacht der halve plaats Daspoort en der halve plaats Elandspoort.
- „2de: Dat het Gouv. der Z. A. Republiek, transport zal verleenen van de lap gronds, makende een deel van het dorp Pretoria, gelegen ten noorden van de Kerkstraat, ten oosten begrensd door de Potgieterstraat tot aan de steenovensloot en met die af tot aan Apiesrivier, en ten noorden door de Apiesrivier, met uitzondering van de gronden van den Wel-Ed. Heer J. J. P. Prinsloo en de overige uitgehouden of verkochte gronden binnen die lijn gelegen, alsmede der Erven No. 348, 349, 350, 351, 378, 379, 380, en 381, en zulks aan den HED. Heer M. W. Pretorius.
- „3de Dat de HED. Heer M. W. Pretorius geene belasting zal betalen voor eenig Erf al eer zulks verkocht of bebouwd is.
- „4de Dat alle vroeger gesloten verkoopen of giften van Erven blijft bestaan als wettig.
- „5de De HED. Heer M. W. Pretorius transporteert in volle eigendom aan het Gouv. het blok Erven gelegen aan de hoek van de Kerk- en Potgieter-straat.
- „6de Dat met dit besluit alle transacties of zaken tusschen den HED. Heer M. W. Pretorius en het Gouv. (de) finitief zijn afgedaan.

Eers met hierdie ooreenkoms het die dorpsgebied van Pretoria die gebruiklike voorkoms van daardie dae aangeneem, t.w. 'n bepaalde aantal woonerwe en uitgestrekte dorpsgronde wat as weiveld vir die diere van die erfeienaars kon dien. Nou kon daar ook duidelikheid oor die onderskeidelike funksies en verpligtinge van die owerheid en M. W. Pretorius bereik word.

Die voorgenoemde ooreenkoms het die probleme van die Landdros ten opsigte van die dorpsbestuur egter nog geensins opgelos nie. Toe

A. F. du Toit op 2 Mei 1857 as landdros ingesweer is, het daar geen wetlike voorskrifte bestaan waarvolgens hy in verband met munisipale aangeleenthede kon optree nie. Du Toit het hom dan ook in die besonder oor hierdie tekortkoming bekommer. Hy het president M. W. Pretorius herhaaldelik versoek om aan hom die nodige reëls en regulasies te stuur. Ook by die Landdros van Rustenburg het Du Toit tevergeefs om reëls en regulasies aangeklop.⁹⁾

Toe die President en die Landdros van Rustenburg aan Du Toit nie die nodige wetlike voorskrifte kon verskaf nie het laasgenoemde besluit om self in die saak op te tree. Waarskynlik op sy inisiatief en onder sy voorsitterskap is op 29 Julie 1857 'n vergadering van die dorpsbewoners belê om „Dorps Regulatien voor het dorp Pretoria-philadelphia daar te stellen”. My hierdie geleentheid is toe inderdaad ook elf regulasies aangeneem om by die plaaslike omstandighede en die behoeftes aan te pas. Regulasies 1 tot 5 was gemoeid met die watervoorsiening. Regulasie 6 gaan oor die uitspanning, terwyl regulasie 7 bepaal dat slegs in „de gemeten straten” gery moet word en dat brandhout nie deur die strate gesleep mag word nie. Regulasie 8 bevat bepalings ten opsigte van die skut en in regulasie 9 is voorskrifte oor diere wat aan longsiekte ly, vervat. By regulasie 10 is bepaal dat „twee commissarissen met meerderheid van stemmen door de inwoners” verkies sou word om toesig te hou oor die inkomste en uitgawe van die dorp waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak is. Regulasie 11 het bepalings oor die wysiging en aanpassing van die regulasies bevat.

Nadat Du Toit toe goedkeuring verkry het om regulasies vir Pretoria „naar den aard der zaak” op te stel,¹⁰⁾ het hy die reeds aanvaarde regulasies aan die President vir goedkeuring voorgelê.¹¹⁾ Sover vasgestel kon word is hierdie regulasies egter nooit deur die hoër instansies goedgekeur en in die praktyk toegepas nie.

Intussen is die omvattende Grondwet van die Republiek in Februarie 1858 deur die Volksraad goedgekeur. Daarna is op 6 Augustus 1858 die uitgebreide en bekende Dorpsregulasies vir alle dorpe in Transvaal gepubliseer. Hierdeur het landros Du Toit die nodige wetlike voorskrifte verkry waarop hy voorheen so dikwels aangedring het.

Kragtens die bepalings van die Grondwet en die Dorpsregulasies moes die dorpsadministrasie deur die Landdros waargeneem word totdat daar 'n plaaslike bestuursliggaam ingestel sou word. Behalwe vir 'n kort tydperk in 1864, soos aanstons aangetoon sal word, kon die Pretorianers nie plaaslike selfbestuur bewerkstellig nie en moes die Landdros dus noodgedwonge die dorpsbestuur behartig vir die hele tydperk wat hier breek word.

Die verskaffing van die wetlike voorskrifte het die probleme van die Landdros van Pretoria nie almal opgelos nie. Die amptenaar moes die algemene administrasie van 'n uitgestrekte distrik behartig en daarbenevens het hy ook nog regterlike pligte gehad. Die dorpsaangeleenthede

moes vir hom dus regtig 'n beslommernis gewees het. Geen wonder dus dat landdros Du Toit spoedig gekla het dat hy „jek of all trades” was nie.¹²⁾ Ook ander faktore het die taak van die Landdros aanvanklik bemoeilik. Op die langdurige Trek het die mense verleer om 'n gevestigde lewe te voer. Die gesag en seggenskap van die amptenare is betwis.¹³⁾ Die erfeienaars het geweier om selfs die geringe belastinge te betaal.¹⁴⁾ Daar is aangevoer dat die Dorpsregulasies van 1858 vir Pretoria „nog te groot” is.¹⁵⁾ Moelikheid is ondervind om geskikte persone te verkry om in die plaaslike ampte te dien.¹⁶⁾ Daarbenewens het die land in die begin van die sestiger jare gebuk gegaan onder onenigheid en broedertwis in so 'n mate dat wapengeweld voorgekom het.

Nieteenstaande hierdie moeilikhede het A. F. du Toit en sy opvolgers hulle bes gedoen om in die dorpsadministrasie bestendigheid te verkry. Du Toit het dan ook spoedig gepoog om 'n markmeester, 'n skutmeester en 'n waterfiskaal vir Pretoria aangestel te kry. Met die mark- en die skuthouding is dan inderdaad ook vanaf 12 November 1858 'n begin gemaak.¹⁷⁾

Die reëlings wat wel getref is, wou egter maar nie vlot nie en die dorpsadministrasie het veel te wense oorgelaat. Om verbetering in die onbevredigende toestand te verkry, is in 1863 selfs 'n wykmeester vir Pretoria aangestel.¹⁸⁾ Geen besonderhede oor die spesifieke pligte en verantwoordelikhede van hierdie amptenaar kon nagespoor word nie. Volgens gegewens wat wel verkry kon word, wil dit egter voorkom of die wykmeester 'n algemene dorps toesighouer, waterfiskaal, straat- en dorpsinspekteur was. Hierdie betrekking het blykbaar nie aan verwagtings voldoen nie en is sover vasgestel kon word vroeg in 1864 reeds afgeskakel.

Nadat daar in 1864 die mislukte poging aangewend is om plaaslike selfbestuur te verkry, is die dorpsadministrasie weer ten volle deur die Landdros en sy ondergeskiktes behartig. Vanaf hierdie stadium het die plaaslike amptenare bestaan uit die Landdros, sy klerke, die veldkornet, 'n markmeester, 'n waterfiskaal en 'n skutmeester. Twee of meer van hierdie betrekkings is dikwels deur dieselfde persoon beklee. Die enigste belangrike verandering wat die dorp aanbetref en voor 1877 aangebring is, is dat die skut vanaf 1869 kragtens gewysigde skutregulasies aan 'n private persoon verpag is.

Dit blyk dus dat daar vanaf 1855 tot 1877 geen ingrypende veranderinge in die aard en omvang van die dorpsadministrasie aangebring is nie. Die belangrikste werksaamhede was deurgaans blykbaar die verbetering van die dorpsdam, die watervore en die strate. Vir die verbetering van die dam en die watervoor is somtyds met private persone kontrakte aangegaan nadat tenders aangevra is.¹⁹⁾ Die gebruik om die handiete uit die plaaslike tronk aan te wend om die watervore en die strate in orde te hou, het vroeg reeds ook ingeburger geraak.²⁰⁾

Namate die dorp uitgebrei het, het die stelsel van landdrosbestuur vir die doeleindes van munisipale administrasie steeds minder doeltreffend

geword. Die gevolg was dat die dorp gedurende die sewentiger jare vele tekens van verwaarlosing gewys het. Die swak toestand van die strate en die vuil watervore het voortdurend tot klagtes aanleiding gegee. Die gebrek aan sanitêre dienste, soos vuilgoed en nagvuilverwydering, het die gesondheid van die dorpsbewoners ernstig bedreig.²¹⁾ Die behoefte aan 'n eie munisipale bestuursliggaam is dus sterk aan gevoel.

4. POGINGS VOOR 1877 OM SELFBESTUUR TE VERKRY.

(i) Die Dorpsregulasies van 1857.

SOOS reeds vermeld, is daar op 29 Julie 1857 op 'n openbare vergadering onder voorsitterskap van A. F. du Toit elf dorpsregulasies vir Pretoria goedgekeur. By artikel 10 van hierdie regulasies is bepaal dat „twee commissarissen met meerderheid van stemmen door de inwoners” verkies sou word om toesig te hou oor die inkomste en uitgawe van die dorp waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak is. Indien hierdie regulasies dan in die praktyk toegepas sou gewees het, sou Pretoria destyds reeds 'n mate van selfbestuur verkry het. Du Toit se ywerige pogings om die kommissarisse verkies te kry en die goedkeuring van die regulasies te verkry, het egter misluk. Daar het dus niks tereggekome van hierdie eerste poging om aan die ingesetenes seggenskap in die dorpsadministrasie te verleen nie.

(ii) Die munisipaliteit van 1864.

In 1863 het die Volksraad in besonderhede die instelling van munisipale selfbestuur vir Potchefstroom goedgekeur.²²⁾ Die publikasie van hierdie besonderhede het die Pretorianers blykbaar laat besluit om ook in daardie rigting op te tree, want op 28 Maart 1864 is 'n openbare vergadering in Pretoria gehou met die doelstelling om 'n munisipaliteit vir die dorp te verkry. Die vergadering het dan besluit om goedkeuring vir die instelling van 'n „Municipaliteit” aan te vra en die nodige regulasies daarvoor is ook aangeneem.²³⁾ Die versoek sowel as die voorgestelde regulasies is sonder versuim deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.⁴²⁾

Alle pogings om die voorgenoemde regulasies op te spoor, het tot dusver misluk en daar kan dus nie besonderhede oor die samestelling, funksies en bevoegdhede van hierdie eerste „Municipaliteit” vir Pretoria verstrekkend word nie. Die munisipale raad het nietemin op 2 Mei 1864 'n aanvang met sy werksaamhede gemaak en die bestuursliggaam het die benaming „Directie der Municipaliteit” aangeneem.²⁵⁾ Die Landdros van Pretoria het egter by geleentheid die titel „Commissie van den Municipaliteit” gebesig.²⁶⁾ Die instellingsproklamasie het slegs bepaal dat „een Municipaliteit of Stadsbestuur” vir Pretoria goedgekeur is. Selfs oor die benaming van die plaaslike bestuursliggaam bestaan daar dus 'n mate van onduidelikheid.

Die korrespondensielêers van hierdie eerste plaaslike bestuursliggaam

is ongelukkig ook nie beskikbaar nie. Daarom kan daar nie besonderhede oor die werksaamhede van dié liggaam verstrek word nie. Uit die amptelike stukke wat in die Transvaalse Argief opgeberg is, blyk dit egter dat die munisipaliteit inderdaad vanaf 2 Mei 1864 die volle verantwoordelikheid vir die dorpsadministrasie van die Landdros oorgeneem het.

Die eerste tydperk van selfbestuur was egter van korte duur. Reeds op 1 September 1864 het die „directie” die Uitvoerende Raad meegedeel dat „de inkomsten van dit dorp . . . niet toereikend zyn, om een behoorlyk bestuur zoosals sy gaarne wenschen . . . daar te stellen.” Die Uitvoerende Raad is gevolglik versoek om indien moontlik aan die munisipaliteit „alle inkomsten in dit dorp van de ingezetenen en eigenaars van Erven in dit dorp geheven, zoosals licentien enz. toe te kennen.” Verder is aangevoer dat „met de zoosals thans bestaende inkomsten zyn, de directie het niet op zich durft nemen, het dorpsbestuur te aanvaarden”.²⁷⁾

Die Uitvoerende Raad kon nie aan die voorgenoemde versoek van die munisipaliteit om verdere inkomstebronne voldoen nie. Gevolglik het die bestuursliggaam op 20 September 1864 besluit om die sentrale regering, met leedwese, te vra om die dorpsbestuur oor te neem.²⁸⁾ Die Uitvoerende Raad het 7 Oktober 1864 dan ook besluit dat die dorpsbestuur deur die Landdros oorgeneem moes word.²⁹⁾ Daarmee het die eerste poging om selfbestuur vir Pretoria te verkry ten einde geloop.

Gebrek aan inkomste was beslis die oorsaak van die ondergang van hierdie eerste munisipale liggaam van Pretoria. Nadat die Direksie met veel moeite vasgestel het aan wie die erwe in Pretoria behoort het, het daar ’n ontnugtering op die liggaam gewag. Daar is naamlik gevind dat byna die helfte van die erwe van die geringe erfbelasting vrygestel is. ’n Groot aantal erwe het nog aan M. W. Pretorius behoort, en hy sou, kragtens die ooreenkoms van 1860, op sy erwe geen belasting betaal voordat hulle aan ander eienaars verkoop of voordat daarop gebou is nie. Van die oorblywende erwe het ’n aansienlike aantal aan die Staat behoort en was dus ook van belasting vrygestel. Hoe gering die inkomste van die munisipale liggaam was, blyk uit die bevindings van die Landdros dat daar selfs in 1868 slegs 391 belasbare erwe was.³⁰⁾ Op elke erf was toe slegs 4/6 per jaar betaalbaar, d.w.s. ’n totale bedrag van £87.19.6.

(iii) Die pogings van 1872 – 1877.

Toe T. F. Burgers in 1872 as Staatspresident in Transval aan bewind gekom het, het die regeringsetel al heelwat uitbreiding ondergaan. Onder die veranderde omstandighede kon daar nou weer verwickelinge op die munisipale terrein verwag word. Inderdaad is dan ook op 23 Desember 1872 op ’n openbare vergadering van „ingezetenen” besluit dat landdros W. Skinner, John Robert Lys, Maurits de Vries en J. C. Preller ondersoek moes instel na „welke middelen aangewend moeten worden, ter verkryging van eene Municipaliteit of Dorpsbestuur te Pretoria.”³¹⁾ Nadat

hierdie persone die dokumente van die munisipaliteit van 1864 bestudeer het, het hulle tot die gevolgtrekking geraak dat daardie poging weens die gebrek aan inkomste misluk het. Volgens hulle mening het die toestand intussen egter sodanig verander dat hulle die Uitvoerende Raad kon versoek om „de Municipaliteit in haar vorige kracht te herstellen vanaf 1 January 1873”.³²⁾

Die voorgenoemde versoek is geredelik deur die Uitvoerende Raad goedgekeur, maar met die volgende voorwaardes:—³³⁾

(i) „dat by de municipale Regulaties voor het dorp Pretoria een artikel zal gevoegd worden: waarby alle veranderingen in de Regulatiën eerst aan de goed — of afkeuring der Regering zullen onderworpen worden eer zy van kracht zullen zyn”; en

(ii) „dat de Regering het stuk grond op het plan van het dorp genaamd ‚de drooge Klipbult’ alsmede de drie blokken erven A, B en C te zamen met het regt om **daarop** zoodanige veranderingen in het plan van het dorp te maken als noodig zullen geoordeeld worden, als ook het regt om zoodanige concessies te kunnen verleenen aan Spoorweg-Companiën enz., als waartoe de Regering reeds verbonden is of als zy in vervolg noodig mag oordeelen.”

Die ingesetenes het egter hierdie voorwaardes verwerp en daarmee ook die herinstelling van die vorige munisipaliteit laat misluk. Daar is veral heftig teen die tweede van die genoemde voorwaardes beswaar aangeteken.³⁴⁾

Die saak is toe op die lang baan geskuif totdat staatspresident Burgers die Landdros in Desember 1873 opgedra het om „een byeenkomst der burgers van Pretoria by een te roepen om te besluiten over het wenschelyke eener Municipaliteit alhier, de tyd den 15de of 16de December aanstaande”.³⁵⁾ ’n Vergadering is inderdaad eers op 8 Januarie 1874 gehou en is tot 15 Januarie 1874 verdaag om die komitee van 1872 geleentheid te gee om verslag te doen.³⁶⁾ Sake het egter nie volgens plan verloop nie en eers nadat J. R. Lys persoonlik met die vooraanstaande stadsburgers onderhandel het, is ’n verdere vergadering op 21 Desember 1874 gehou. Alhoewel die sprekers by hierdie vergadering dit eens was dat die instelling van ’n munisipaliteit vir Pretoria onontbeerlik geword het, het hulle nietemin die vergadering versoek om weereens die voorwaardes wat in 1872 deur die Uitvoerende Raad gestel is, te verwerp. Die vergadering het egter met meerderheidstem besluit om vir 14 dae te verdaag sodat die komitee wat in 1872 aangewys is, kon gaan verneem of die Regering nog in die vorige voorwaardes volhard het.³⁷⁾

Die komitee het die Regering dan ook dadelik om ’n onderhoud genader. Die Waarnemende Staatspresident³⁸⁾ het egter geantwoord dat die komitee mettertyd in kennis gestel sal word van die datum waarop die onderhoud kon plaasvind. Die onderhoud het egter eers op 15 Oktober 1875 plaasgevind, maar daar kon geen besonderhede oor die uitslag daarvan nagespoor word nie.

Intussen is daar op 5 Julie 1875 weer 'n openbare vergadering onder voorsitterskap van landdros Skinner gehou, om die publiek oor die verloop van sake in te lig. Na langdurige bespreking het die vergadering met 11 teen 4 stemme besluit „om over eene maand Commissarissen te doen kiezen en daarvan aan de Regering kennis te geven”.³⁹⁾ Die meerderheid van die klein aantal persone wat die vergadering bygewoon het, was uiteindelik dus daarvan oortuig dat die munisipale regulasies van 1864 nog van krag was en dat dit dus nie nodig was om op verdere goedkeuring van die Regering vir die instelling van 'n munisipaliteit te wag nie. Daar kon egter geen aanduiding gevind word dat enige stappe gedoen is om hierdie laaste besluit uit te voer nie.

By 'n vergadering van „De Transvaalsche Vereniging voor het bevorderen van Politieken Vooruitgang” op 20 September 1875, het die instelling van 'n munisipaliteit vir Pretoria toe weer te berde gekom. John Robert Lys het hom by hierdie geleentheid weer sterk teen die verkoop van erwe deur die Regering uitgespreek. Hierdie optrede van die Regering het Lys beweer „Zou, wanneer wy een municipaliteit kregen, de hulpbronnen der stad grootelyks benadeelen”. Gevolglik is ooreengekome dat 'n openbare vergadering op 24 September 1875 belê moes word om die saak te behandel.⁴⁰⁾

Die beoogde vergadering is wel deur Lys gereël, maar slegs „acht of tien ingezetenen” het opgedaag en die byeenkoms het dus nie plaasgevind nie. Die gevolgtrekking van die verslaggewer van *De Volksstem* was dan ook: „Wanneer zal Pretoria ontwaken tot een besef van deszelfs wezenlyke behoeften?”⁴¹⁾ Waar aangevoer kon word dat die vorige pogings sedert 1872 om 'n munisipaliteit te verkry, misluk het vanweë die „onbillike” voorwaardes wat deur die Regering gestel is, het die publiek nou belang verloor. Die voorstanders van munisipale bestuur was dus magteloos. Dit was dan blykbaar ook algemeen bekend dat volksraadslid John Robert Lys, 'n vurige voorstander van die beoogde munisipaliteit, erg onthuts oor hierdie verloop van sake was. In *De Volksstem* van 15 Januarie 1876 het dan ook die volgende gedigjie onder die opskrif „A Pretoria Reverie” verskyn:—

„Of municipal rule we stand sorely in need,
 en daarom wordt Lys dan zoo kwaad,
 And if the Executive will not take heed,
 He'll brand hulle op in die Raad.”

Blykbaar moes die komitee, wat by die openbare vergadering van 23 Desember 1872 aangestel is en by die daaropvolgende vergaderings steeds nuwe opdragte gegee is, uiteindelik tog konsepregulasies vir 'n munisipaliteit aan die Regering voorgelê het. Moontlik is dit gedoen toe die komitee op 15 Oktober 1875 voor die Uitvoerende Raad verskyn het. Hoe dit ook al sy, die Uitvoerende Raad het op 21 Januarie 1876 „Regulatiën voor de Municipaliteit van Pretoria” oorweeg, maar onaanneemlik gevind.

Die Waarnemende Staatspresident en die Staatssekretaris is nietemin opdrag gegee „Om commissarissen te doen kiezen om de voorgestelde regulatiën voor de municipaliteit te herzien en te wyzigen en als dan de Uitv. Raad ter bekrachtiging voor te leggen”.⁴²⁾ Daar kon egter geen aanduiding gevind word dat aan hierdie besluit uitvoering gegee is voordat Shepstone op 12 April 1877 die bewind in Transvaal oorgeneem het nie.

Die gesukkel met die instelling van munisipale selfbestuur gedurende die sewentiger jare moet egter nie bloot as pligsversuim van die Pretorianers beskou word nie. Tot op groot hoogte moet die sentrale owerheid ook daarvoor verantwoordelik gehou word. Die Volksraad het in gebreke gebly om behoorlike wetgewing oor munisipale aangeleenthede aan te neem. Die Regering, d.w.s. die Staatspresident en die Uitvoerende Raad, het daarbenewens versuim om leiding aan die dorpsbewoners te verskaf.

5. GEVOLGTREKKING.

IN INTERESSANTE gevolgtrekking na aanleiding van die voorgaande gegewens is dat daar in geen stadium voor 1877 besondere stappe gedoen is om Pretoria as die regeringsetel van die Zuid Afrikaansche Republiek op munisipale gebied te ontwikkel nie. Vanaf 1 Mei 1860 was Pretoria in die praktyk immers daadwerklik die hoofstad van die land alhoewel aan Potchefstroom kragtens die bepalings van die Grondwet verkeerdelik nog daardie ereplek toegeken is. Dit strek die Pretorianers en die sentrale regering van daardie dae geensins tot eer dat hulle die dorp op munisipale gebied so skandelik verwaarloos het nie.

¹⁾ R.1875/82 (by R.546c/90) : Registrateur van Aktes J. J. Meintjies aan die Staatssekretaris, d.d. 7.6.1882. Vgl. ook R.558/75: A. F. du Toit aan Staatssekretaris, d.d. 6.3.1875. (1854 as stigtingsdatum van die kerkplaas Elandspoor sou nader aan die waarheid wees as 1853; vgl. in hierdie verband, Rex, H.M.: Pretoria—Van Kerkplaas tot Regeringsetel, 1854 — 1860, H.A.U.M., Pretoria, 1960.—Red.)

²⁾ R.800/55: A. van der Walt aan M. W. Pretorius, d.d. 16.4.1855.

³⁾ R.1326/57: A. F. du Toit aan M. W. Pretorius, d.d. 13.2.1857.

⁴⁾ R.1326/57.

⁵⁾ R.1360/57: A. F. du Toit aan M. W. Pretorius, d.d. 25.2.1857.

⁶⁾ R.1431/57.

⁷⁾ R.3828/60: Memorie deur J. G. C. van Leenhof, dr. Arnoldi en 15 andere aan die Goewermentsekretaris, d.d. 25.6.1860.

⁸⁾ Art. 144.

⁹⁾ Vgl. (a) R.1619/57: Landdros A. F. du Toit en heemrade P. J. Smit, D. G. Botha en J. J. Fourie aan die President, d.d. 30.6.1857.

(b) Pa. 30: Landdros, Pretoria, aan die President en die Landdros, Rustenburg, d.d. 30.6.1857 en 22.9.1857, onderskeidelik.

¹⁰⁾ R.1834/57: Goewermentsekretaris aan Landdros, Pretoria, d.d. 13.10.1857.

¹¹⁾ R.1992/58: A. F. du Toit aan die President, d.d. 7.4.1858.

¹²⁾ Pa. 30 (i) : A. F. du Toit aan die President, d.d. 5.5.1858.

¹³⁾ Vgl. R.2715/59 en R.2893/59.

¹⁴⁾ Vgl. R.2997/59.

¹⁵⁾ R.3761/60.

¹⁶⁾ R.4050/60.

¹⁷⁾ R.2418/58: Landdros Du Toit aan die Goewermentsekretaris, d.d. 11.11.1858.

DIE AANDEEL VAN WILLIAM SKINNER IN DIE ONTWIKKELING VAN PRETORIA

AS 'n mens deur die talle geskrifte wat oor Ou-Pretoria handel blaaï, dan sien jy telkens die naam van William Skinner. Soms is dit net sy naam wat saam met ander lede van een of ander kommissie of afvaardiging verskyn. Ander kere weer word daar terloops na hom verwys as die bouer van een of ander gebou — geboue waarvan die meeste reeds lank gelede gesloop is, of daar word melding gemaak van Skinner in sy

¹⁸⁾ U.R.B.: Artk 3, d.d. 5.3.1863.

¹⁹⁾ Vgl. (a) Pa. 1: Kontrak tussen die „Goevernement der Zuid Afrikaansche Republiek” aan die een kant en J. F. Schutte en A. v.d. Walt aan die anderkant, d.d. 4.6.1860. (b) Pa. 30 (ii): Landdros, Pretoria aan E. Tezel, d.d. 31.10.1862.

²⁰⁾ Vgl. Pa. 32: Landdros Skinner aan die Staatsekretaris, d.d. 17.9.1874.

²¹⁾ Vgl. bv. *De Volksstem* van 8.8.1877 en 12.9.1877. In die uitgawe van 8.8.1877 word bv. geskryf:—

“The homesteads in Pretoria,
How fearfully they smell,
There's fever in the furrow,
There's sewage in the well.”

²²⁾ V.R.B.: Art. 102, d.d. 21—22.10.1863.

²³⁾ *Staats Courant* van 19.4.1864: „Proclamatie door zyn Hoog Ed. den President en leden van den Uitvoerenden Raad der Z.A. Republiek,” d.d. 18.4.1864.

²⁴⁾ *Ibid.*

²⁵⁾ R.249/64: J. H. M. Struben en J. G. C. van Leenhof onderskeidelik Voorsitter en Sekretaris van die „Directie der Municipaliteit”, aan die Uitvoerende Raad, d.d. 5.5.1864.

²⁶⁾ Pa. 31: Landdros, Pretoria, aan die Goewermentsekretaris, d.d. 8.6.1864.

²⁷⁾ R.699/64: J. H. M. Struben, Voorsitter, en J. G. C. van Leenhof, Sekretaris, aan die President en Lede van die Uitvoerende Raad, d.d. 1.9.1864.

²⁸⁾ R.829/64.

²⁹⁾ U.R.B.: Art. 6, d.d. 7.10.1864.

³⁰⁾ R.1111/68: Landdros aan Staatsekretaris, d.d. 30.9.1868.

³¹⁾ R.1736/72: J. R. Lys, M. de Vries en J. C. Preller aan die Staatspresident en Lede van die Uitvoerende Raad, d.d. 23.12.1872.

³²⁾ *Ibid.*

³³⁾ U.R.B.: Art. 37, d.d. 31.12.1872.

³⁴⁾ *De Volksstem* van 10.1.1874.

³⁵⁾ Pa. 2: Staatsekretaris aan die Landdros, d.d. 1.12.1873.

³⁶⁾ *De Volksstem* van 10.1.1874.

³⁷⁾ *De Volksstem* van 26.12.1874.

³⁸⁾ Burgers was destyds in Europa.

³⁹⁾ *De Volksstem* van 10.7.1875.

⁴⁰⁾ *De Volksstem* van 25.9.1875. H. W. Struben was Voorsitter en J. R. Lys was Ondervoorsitter van hierdie Vereniging.

⁴¹⁾ *Ibid.*

⁴²⁾ U.R.B.: Art. 83, d.d. 21.1.1876. Die konsepreglasies kon nie nagespoor word nie.

J. J. N. CLOETE.



WILLIAM SKINNER.

*Gebore 10/2/1828 in Canterbury. Kom in 1852 na Grootplaats, die woon-
plaas van komdt.-genl. Andries Pretorius saam met Louis en Lionel
Devereux. Vanaf 1854 op die Kerkplaas Elandspoor (Pretoria) woonagtig;
oorlede op 15 Junie 1885.*


hoedanigheid as Landdros van Pretoria. Wanneer daar egter nader ondersoek ingestel word na die lewe en werk van hierdie persoon, vind 'n mens dat hy 'n ervolle en merkwaardige rol in byna elke fase van Pretoria se ontwikkeling gespeel het.

William Skinner is op 10 Februarie 1828 in Canterbury, Engeland, gebore. Van sy kinderjare in daardie land is min bekend, behalwe dat hy as jongman opgelei is as vakman in die boubedryf en dat hy oor 'n mate van kennis van die argitektuur en landmeting beskik het.

Op 22-jarige leeftyd het hy in die geselskap van Louis en Lionel Devereux, twee broers, na Natal gekom waar hulle werk as boukontrakteurs onderneem het. Behalwe boukontrakteurswerk het hy ook verskillende jagtogte in die binneland onderneem en ook transport gery saam met 'n sekere Oliff. In Mei 1852 het hy vir kommandant-generaal Andries Pretorius ontmoet toe lg. in Pietermaritzburg vertoef het op sy besoekreis in Natal. Pretorius het by dié geleentheid vir Skinner en die Devereux-broers oorreed om na die Transvaal te kom om eers vir hom 'n nuwe huis op Grootplaas te bou en dan daarna hulle vakkundige kennis ook in diens van die ander Transvalers te stel.

In 1852 het Skinner hom vervolgens in die Transvaal kom vestig waar hy sy vernuf en ondernemingsgees gebruik het om die landstreek te help ontwikkel. Sy teenwoordigheid sowel as die van die Devereux broers was vir M. W. Pretorius 'n baie gelukkige uitkoms op die regte tyd, want hulle kon, en het inderdaad ook, hulle vaardigheid en vakkundige kennis gebruik vir die oprigting van die eerste kerk op die kerkplein asook vir die oorspronklike opmeting van die Plein met die erwe en strate daaromheen, die bou van openbare- en besigheidsgeboue en woonhuise. Dat Skinner, die Devereux-broers en ook Jan Visagie die sekretaris van kommandant-generaal M. W. Pretorius, wel die oorspronklike opmeters van die Plein is, en nie A. F. du Toit soos algemeen aanvaar word nie, is ongetwyfeld waar. Mnr. H. M. Rex, in sy verhandeling, „Die geskiedenis van die Eerste Ou Goewermmentsgebou en sy voorlopers in Pretoria”, bl. 60, voer volkome grondige bewyse daarvoor aan. Daar bestaan egter min dokumentêre bewys dat hulle wel die bouers van die eerste kerkie op die kerkplein was. 'n Beriggie in 'n ou koerant bevestig dit egter — „Het oude kerkgebou . . . werd gebouwd door de gebroeders Devereux en Skinner. Op een der gevels prijkte dan ook in duidelijke letters de initialen der bouwlieden: D. D. & S. met het jaartal 1855 eronder.”

Skinner was ook verantwoordelik vir die oprigting van talle ander openbare geboue soos die eerste skool waaraan begin bou is op 13 Desember 1859 en wat hy waarskynlik ook ontwerp het, die tweede Pretoriase tronk op die hoek van Visagie- en Bosmanstraat (met die bou hiervan is sy taak deur die Volksraad verlig deur die beskikbaarstelling van bandiete), talle goewermmentskantore, waaronder ook die Eerste Ou Goewermmentsgebou wat gestaan het op die perseel waar tans die Tweede



Ou Goewermentsgebou staan. Interessant is dit, dat toe die Volksraad hom £680 moes betaal vir die bou van dié gebou hulle dit nie gehad het nie en dit derhalwe geleen het van C. Moll, die destydse staatsdrukker. Met verloop van tyd het Skinner steeds 'n belangriker rol gespeel op alle terreine van die stadslewe. Na die be-eindiging van die „burgeroorlog” van 1864 dien hy op die skoolkommissie, waar hy, ds. Begeman en nog twee ander lede eksamens in die openbaar afneem. In 1867 dien hy op 'n komitee wat by die regering aansoek doen om 'n stuk grond vir 'n algemene begraaftplaas. Die komitee slaag daarin en die Ou Kerkhof, langs Kerkstraat, waar soveel belangrike persone ter ruste gelê is, word uitgemeet. Die Uitvoerende Raad het die uitsluitlike bestuur van die begraaftplaas opgedra aan die komitee van 8 here waarvan W. Skinner een was. Hy volg C. Moll op as Landdros in 1867 en beklee hierdie pos tot 1878 toe hy dit tydens die Shepstone-bewind neergelê het.

Daar kan nie met sekerheid vasgestel word hoekom hy as Landdros bedank het nie; dit kan wees omdat hy ontevrede was met Shepstone se bewind, of ook dat hy eerder al sy tyd aan munisipale sake wou wy. Na sy aftrede word hy weer verskeie kere tydelik die pos as Landdros opgedra.

Op 'n vergadering van 23 Desember 1872 word Skinner saam met J. R. Lys, M. de Vries en J. C. Preller aangewys „om te ondersoek welke middelen aangewend moeten worden ter verkryging van eene municipaliteit of Dorpsbestuur te Pretoria. Dit het nie so voor die wind gegaan nie, Skinner het egter, omdat hy so uiters belang gestel het in die stadsbestuur, hom onvermoeid be-ywer en verskeie vergaderings belê waar die publiek ingelig is oor die stappe wat reeds gedoen is deur die komitee wat in 1872 aangewys is ter verkryging van 'n stadsraad. Eers in 1880 toe Pretoria onder Engelse bestuur was, is 'n wet aangeneem (Wet Nr. 16 van 1880) wat voorsiening maak vir — „Municipal Corporations in the Transvaal Province”. Op 15 Desember 1880 is daar toe ingevolge hierdie wet 'n munisipale verkiesing in Pretoria gehou en is W. Skinner verkies om saam met R. C. Green wyk 2 in die stadsraad te verteenwoordig.

SKINNER SE PRIVATE LEWE.

NOG voor hy na S.A. gekom het is Skinner getroud met 'n nooi Filmer. Sy is egter in 1857 oorlede ten gevolge van 'n wa-ongeluk naby die teenswoordige Hartbeespoortdam. (Dit is aan my vertel deur tant Maud Pretorius een van Skinner se dogters uit 'n tweede huwelik. Sy sê dat sy



Die kerk op die Kerkplein soos dit in die sestiger jare tydens die dienstyl van ds. A. J. Begemann deur William Skinner, die latere landdros, en Lewis Edward Devereux herbou is. Dit het diens gedoen tot September 1882 toe dit afgebrand het.

en haar man baie jare na die treurspel die graf gaan opsoek het en dit gekry het onder 'n boom naby die dam — presies waar kon sy nie meer onthou nie. Tant Maud sou baie belangrike gegewens kon verskaf met die opstel van hierdie artikel — sy is egter verlede jaar in die ouderdom van 84 jaar oorlede).

Skinner is weer getroud en wel met Debora Landman, kleindogter van Piet Retief. As eggenoot en vader het hy ook sy deeltjie bygedra tot nasiebou, hy het sewentien kinders gehad wat hy opgevoed het om ware burgers van die land te word. Sy seuns het in altwee die Vryheidsoorloë die wapen teen die Britse veroweraar opgeneem.

Sy Pretoriase woning was in Paul Krugerstraat (toe nog Marktstraat) geleë tussen Schoeman- en Skinnerstraat (na hom vernoem) en dit het „The Bungalow” geheet. Regter Kotze skryf in sy herinneringe oor die indruk wat hierdie plek met die pragtige tuin op hom gemaak het toe hy in Marktstraat tydens sy aankoms in die stad in 1877 afgery het. Hy het toe al besluit dat dit sy woonhuis moet word. 'n Paar jaar later het hy dit dan ook gekoop en Skinner het verhuis na sy plasie ten weste van die stad. Hierdie eiendom is genoem „Skinners Court” en was 30 akker groot. Hy het die grond gekry van oud-president M. W. Pretorius as blyk van waardering omdat M. W. Pretorius as President geruime tyd by Skinner ingewoon het.

William Skinner was as persoon uiters gewild by alle bevolkingsgroepe in die land. „The man had no enemy in the country, though ultimately for years the Landdrost of Pretoria, and thus, ex-officio, the Administrator of Pretoria's civic affairs. He was an outstanding and sterling character and married into one of the best Boer families in the country. In office he enjoyed the loyal support and full trust of both Boer en Briton, and the unswerving loyalty of the whole native element.” Toe hy nog in die middestad gewoon het, het president M. W. Pretorius wat sy woning in Potchefstroom gehad het baie keer by hom tuisgegaan ten tye van die Volksraadsittings in Pretoria. Die latere pres. Burgers was ook huisvriende van die Skinners. Daar word vertel dat sy oudste dogter Debora, toentertyd 13 jaar oud, eenkeer die stoel onder pres. Burgers getrek het terwyl hy oor die tafel geleun het om iets by te kom, (soos vertel deur Debora aan har dogter, nou mev. P. M. van der Westhuizen woonagtig op die plaas Ennis, oor Brits).

Ongelukkig vir Pretoria en Suid-Afrika is William Skinner op die ouderdom 57 jaar in 1885 aan longontsteking oorlede. Hy is begrawe in die ou kerkhof. In dieselfde graf is ook begrawe Louis Devereux sy swaar en lewenslange vriend wat 'n paar dae na hom, volgens die grafskrif, aan 'n „broken heart” oorlede is.

Dat W. Skinner gerespekteer was deur die volk en die Volksraad blyk duidelik uit 'n artikel wat in 1885 ten tye van sy oorlye in die Volksstem verskyn het. Hier volg enkele uittreksels: „Verleden Maandag,